DIE PIKETBERGER

DIE PIKETBERGER KOERANT
1 88
2068 1708

Jaargang 31 Nr. 5 piketberg.bergriviertourism.co.za Junie 2024 ☎ 022 913 1796
facebook Alle korrespondensie aan diepiketberger@gmail.com

R5,00

Soet Sjokolade Stem

Terwyl die hele land op 29 Mei hulle kruisies trek op drie verskillende stembriewe, leer PHS se Pikkies hoe om te stem vir hulle gunsteling sjokolade. Na groot afwagting en lang ure se tellery, het die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) die uitslag bekend gemaak: Bar One is loshande die wenner. Foto's: Lize Bartie, gr R-juffrou.

Piketberg se koerant vir Piketberg se mense...

Dup Meubels is 48...p2
Woman Walk The World...p4
Troues...p4
Troues...p5
Fick Sement, Concrete Trends...p8
Piketberg VLV 92...p10
Piketberg-Aurora Camino...p12
Junie 2004...p14
SSS Rugby...p14
Grade Ontvang...p17
PHS ATKV-Redenaars...p18

AutoTech
Since 1991
Longest serving Workshop in Piketberg
MECHANICAL WORKSHOP & AUTO – ELECTRICAL SPECIALIST
Auto – Electrical
Auto - Diagnostics
Mechanical Workshop
Quality Auto Parts
Motorcycle & Quadbike Supplier
Tel: +27 22 913 1939
37 Die Trek Street, Piketberg

LIEBCO FOODS
70 years of Meaty Goodness
Jou beste keuse
WINKEL URE:
Ma - Do: 07:30 - 18:00
Vrydae: 07:30 - 19:00
Saterdae: 07:30 - 14:00
LAMB STEW R99.95 per kg

SPAR 2U
The SPAR you love, now online!

Redaksioneel

Die poskantoor? Net daar!

Aan die einde van Hettie Smit se 1937-boek, 'Sy kom met die sekelmaan', vra die oom vir die niggie aanwysings na die poskantoor. So met die saamstap en aankom by die poskantoor, vra hy haar na haar naam en beroep, waarop sy antwoord: "Ek droom sommer, en ek het lief. Partymaal hou ek ook skool, vyf uur op 'n dag, en daarna droom ek weer en het lief". Hiermee kon ek in die vroeë neëntigs beslis identifiseer...droom, liefhê, skoolhou. Poskantore was toe nog 'n noodsaaklike instansie vir poste aansoek doen, briewe na en van geliefdes, verrassingspakkies, posorders, spaar, seëls koop en die regte koeverte kry. Onwrikbaar, sterk boustrukture met dik glas by die dienstoonbank, ordentlike werkstoonbanke, koper gleuwe vir briewe pos en die muur vol posbusse met die pikante sleuteltjies. Vir 'n kleuter nog 'n plek om te leer tel, veral in tiene, en om die 100-blok in aksie te sien. Ons posbus op Albertinia was eers 77 en later 67, dus net onder mekaar. Pos uithaal was 'n noodsaaklike stop, want ons moes op hoogte bly met die bank, versekering, munisipaliteit, telefoonrekeninge, belastinggaarder, Huisgenoot en skoolrapporte. My pa het veral in sy laaste jare, in sy laat tagtigs, elke dag 2nm poskantoor toe geloop, nogal effe bult op, en die vensterkoeverte en af en toe 'n geselsbrief, behaaglik oopgemaak. Dankie aan elke amptenaar van elke poskantoor oor die hele land wat elke dag op hulle voete gestaan en die publiek bedien het. Niemand sal meer aanwysings vra na die poskantoor nie, maar lank lewe die poskantoor in herinneringe.

Liefde
Marietha

Die Piketberger Redaksie

Berigte, foto's en proeflees: Marietha Goosen
☎ 022-913 1796
Uitleg: Isabel Lausberg
Admin en verspreiding: Marietha Goosen
Advertensies: diepiketberger@gmail.com
Volblad: *R550* ***Halfblad:*** *R390*
Kwartblad: *R270* ***Agsteblad:*** *R190*
Ander groottes op aanvraag.

Marietha Goosen

Isabel Lausberg

Briewe van ons lesers…

Miandi, Thea en Wynand skryf…

Miandi Strydom

Liewe Vriende, Familie en gemeenskap. Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om ons opregte dankbaarheid uit te spreek teenoor elkeen van julle vir die ongeloflike ondersteuning en gebede wat ons in hierdie moeilike tyd ontvang het. Julle liefde, omgee en deernis het ons deur hierdie uitdagende tyd gedra. Elke gebed, bemoedigende woord en daad van liefde het vir ons soveel beteken en ons krag gegee om voort te gaan. Julle het 'n onmeetbare verskil gemaak en ons is oorweldig deur die warmte wat julle getoon het. Dit is in tye soos hierdie dat ons werklik besef hoe bevoorreg ons is om deel te wees van so 'n wonderlike gemeenskap. Dankie vir elkeen se ondersteuning, groot of klein. Julle bystand het ons gehelp om aan te hou glo en te vertrou. Mag julle almal geseënd wees en weet dat julle 'n onuitwisbare indruk op ons lewens gemaak het. Ons waardeer julle opreg en sal altyd dankbaar wees vir al die liefde, omgee gebede en uitreik. Ons opregte dankbaarheid,

Briewe, artikels en foto's word gratis geplaas.
Stuur na: **diepiketberger@gmail.com**

Dup Meubels is 48

Felix en Dollie du Plessis begin Dup Meubels in 1976 tot 1981. September 1981 begin Fanie Visser saam met Oupa Felix tot Oupa Felix uittree einde 1990. Vanaf 1991 span Fanie en Japie du Plessis saam en neem oor. Fanie tree uit in 2006, waarna Japie die alleeneienaar van Dup Meubels is tot vandag. Baie dankie aan alle personeellede deur die jare wat deel gehad het tot die sukses van die besigheid. 'n Groot dankie aan alle lojale kliënte deur die jare. Sonder julle ondersteuning sou dit nie moontlik wees nie. Aan ons Hemelse Vader al die eer.

Dup Meubels se eienaars sedert sy ontstaan in 1976, is Felix en Dollie du Plessis, Fanie Visser en Japie du Plessis.

AGRISELL
the source of prime property

Properties | Eiendomme

Plase & Kommersiële Eiendomme
Quinten Somers: 076 512 2215
Thys Basson: 083 448 1802

Residensieel
Chris-Fick van Niekerk: 083 293 9762
Sandra van Wyk: 082 531 1617

Verhurings
Sue-Maré de Vries: 084 654 2388
Yolanda Crous: 084 506 4288

Te Huur R34 per m²

Besigheidsperseel
400m² | Vervoer Singel, Piketberg
Kontak Sue-Maré: 084 654 2388

Te Huur R3 780 p/m

Stoorarea
60m² | Vervoer Singel, Piketberg
Kontak Sue-Maré: 084 654 2388

Te Koop R3 100 000

4 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Simon van der Stelstraat, Piketberg
Kontak Sandra: 082 531 1617

Te Koop R3 600 000

4 Slaapkamer Huis en 3 Woonstelle
Hoofstraat, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop R11 580 000

1 324Ha | Wintergraan-, groente- en veeplaas
Piketberg
Kontak Thys: 083 448 1802

Verkoop deur Chris-Fick

Voortrekkerstraat, Piketberg

Goosentroue

Daniel Goosen en Marina Smuts is op 6 April 2024 in die Moederkerk op Stellenbosch in die huwelik bevestig. Die onthaal was by Watervliet, Jonkershoek. Foto: Chantall Marshall

Smithtroue

Henry Smith en Wilmari Botha is 20 April 2024 in die huwelik bevestig. Die onthaal was by Goergap Plaas, Redelinghuys. Wilmari se blomme is by Adene's Flowers gekoop en Leandra Loubser het die ruiker gemaak. Foto: Zana Vorster (Zana's Lens)

Piketberg VLV: Woman Walk The World

Op 'n baie mistige, koel 29 April 2024 stap 10 dames – VLV-lede en vriendinne saam deur Piketberg strate. Dit staan wêreldwyd bekend as Woman Walk the World – inisiatief van die Wêreld Bond van Plattelandse Vroue wat op 29 April gevier word. Almal het dit baie geniet en na die tyd lekker koffie en muffins by een van die dames se huise geniet. Dames het voorgestel dat die VLV sommer elke maand so 'n geleentheid moet reël om saam te stap!

Engelbrechttroue

Elvis Engelbrecht en Marieta Klaasen is op 11 Mei in die Nuwe Apostoliese kerk op Piketberg in die huwelik bevestig. Die onthaal was by Pronkies.

Briewe, artikels en foto's word gratis geplaas.
Stuur na: **diepiketberger@gmail.com**

Burgertroue

Dirk Burger en Berita Gerber is op 4 Mei in die huwelik bevestig by Murasie, Baardskeerdersbos. Foto: Kirsten Jonker

Hulde aan Moeders oor die hele wêreld

Op 12 Mei 2024 het ons hulle vereer oor die hele wêreld. Moeders wat kinders gebaar, aangeneem of ander vroue s'n versorg en grootgemaak het. Pragtige vroue wat met God's liefde, baie dinge kan hanteer. Sy glimlag wanneer sy wil gil. Sing wanneer sy wil huil. Trane loop wanneer sy gelukkig is. Haar liefde is onvoorwaardelik. Sy weet wat dit is om 'n dokter, taxi bestuurder, 'n diplomaat, onderwyseres of kreatief te wees en moeilike take met liefde te doen. Baie beskermend, sal sy soos 'n tier baklei wanneer haar kinders in gevaar verkeer. Wat van mammas in die Diereryk? Grote krokkedil, wanneer haar eiers uitbroei in die sand, dra sy hulle saggies tussen vlymskerp tande na die water, vir hul eerste swemles. Olifant, die reusedier, laat haar kleintjie tussen haar voorbene loop. Skerpioen dra kleintjies lewendig op haar rug. Apie maak ook so, of soms hang kleinding sommer onder haar maag. Horingbekvoël messel met modder, die gat in die boom toe, waar haar eiers lê, sodat sy met haar bek netjies inpas, om later kos te gee. Pikkewyne dra eiers op hul voete, later ook die kleintjies. Hulle neem beurte tussen ma en pa – wanneer een gaan visvang. Definitief 'n voorbeeld vir ons mans, om sommige take vir moeders te verrig, soos bottel gee en winde uitvryf en sus. Probeer dit, dis wonderlik om jou wedersydse bande so te versterk! Groetnis, Anita

Goosentroue

Jac Goosen en Ebenice van der Merwe is op 4 Mei 2024 in die huwelik bevestig. Die seremonie en onthaal was by Winery Rd Forest, Somerset-Wes. Foto: Charl Kemp Photography

Die volgende Piketberger is die Julie-uitgawe en verskyn op 4 Julie 2024. Sperdatum is 25 Junie 2024. Stuur advertensies, rubrieke, nuus, foto's na diepiketberger@gmail.com

Piketberg Dieresorg

Skenkings van komberse, hondekos, katkos, Nekbandjies, leibande en katmandjies welkom.

Hierdie advertensie geborg deur
Sam en Berenice Scheepers

Uit die kunskamer van

Saars Shabby 'n Shine

met baie "shabby" en bq "shine"

En woerts-warts het ek verby verlede maand geglip, tot binne Junie, so hier is ek weer in jou huis. Op hierdie front is my ewige stryd van sorteer en plek soek vir die miljuisende goetertjies wat rondlê, byna klaar gestry, net om in te val en my hopelik nuwe houtwerkkamer tot orde te roep. Maar soos ronddwarrel in kunswinkels om lieflike voorraad te soek en uit te snuffel, 'n ander tipe van kuns genoem kan word, so is plek soek, uitpak, inpak, houers mooimaak vir lemmetjies en boorpunte, en menigte skroewe en spykers te sorteer in groot houers, sekerlik 'n kuns op 'n ander vlak - 'n baaaaaie geduldige paar ure net om alles so in plek te kry voordat daar gesaag en geskaaf kan word. Verlede keer het ek onderneem om so bq lig te werp op my lewe buite die kunskamer (dis nou die kunskamer waar ek alle papier-lekkertes laat gebeur), terwyl ek my kleinste kunskamer opgehef het tot 'n naaldwerkspasie (waar ek natuurlik heel dikwels eerder papier optooi met stiksels as materiaal), en dan my (byna voltooide) houtwerk kamer… want om iets uit hout te skep met saagsels wat die lug vul, en die reuk daarvan in die lug, laat hierdie hart net so warm klop. Die voordeel van houtwerk is natuurlik die rame en kassies wat ek kan bou wat alweer nodig is vir al my foto-spelery en so word die kringloop voltooi met my kuns-liefdes! Verlede jaar het my lewe egter holderstebo en agterstevoor verander. Ons laatlam is koshuis toe, wat weekliks 'skoolkar' ry Worcester toe en terug tot gevolg het. Daarna 'n kleine woelwater wat in hierdie ouma se hart kom inkruip (en intussen gevorder het tot inhardloop), én ons Pa het met 'n wonderlike humorsin dit goed gedink om ons te 'bless' met 'n ekstra tienerdogter. Ons 2-slaapkamer 'aftree'huisie moes in 'n japtrap omskep word met 'n ekstra slaapkamer, en net toe dit klaar is, moes die swembad veilig gemaak word vir 'n klein bulletjie wat nuuskierig begin rondkruip en nuwe openinge met ywerigheid ondersoek. Dankie toggie vir onse seun se rustigheid, (vir nou), anders was hierdie huis 'n perfekte chaotiese lieflikheid! Die positiewe van hierdie veranderinge? Ek hoef nooit meer te wonder vir wie ek 'n album kan maak, of waaroor en waarvoor die volgende joernaal kan wees nie - ek kyk net om my rond, en viola! Laat ek gou verder gaan vyle en skroewedraaiers regpak. My idees klingel en dwarrel alweer in hierdie gryse kop…tot ons dan weer gesels...geniet al jul lekkertes…net solank jul LEWE! Tata.

Piketberg VLV: Opvoeding en Kultuur

VLV dames geniet op Donderdag, 9 Mei 'n interessante en leersame Opvoeding & Kultuur byeenkoms in die Piketberg Biblioteeksaal. Elanza Truter, 'n Leer ondersteunings Adviseur vir WKOD, doen 'n visuele aanbieding waarin sy die belangrikheid beklemtoon om met liefde 'n gewoonte by kinders te kweek vir lees. Sy gee wenke hoe om goeie lees te modelleer, asook hoe om kinders te ondersteun wat sukkel met lees. Op die foto oorhandig Delina Fox, saamroeper van Opvoeding en Kultuur, 'n geskenk aan Elanza Truter. Dan word daar ook reeds by twee byeenkomste honde- en katkos ingesamel, as deel van die VLVK-Projek: Bevorder en kweek 'n liefde vir die natuur en diere. Die produkte is aan Katinka Morrison oorhandig vir Piketberg Dieresorg. Die VLV Sirkel-Projek is: Sirkel Weskus reik uit na ons Jeug. Enige tydskrifte en storieboeke word vir die projek ingesamel, wat dan weer aan skoolleerders geskenk word. 'n Marktafel word deur Ester Smit beman, een van die jongste VLV-lede. Pragtige blomrangskikkings was deel van die byeenkoms. Die trofeë wat by die Sirkel Konferensie ontvang is, word aan die wenners oorhandig deur die voorsitter Nicoline Brown. Alta Vos ontvang die Aurora Trofee vir Mikrogolf-gebak (Mosterdsous) en Moira van der Westhuizen die Estelle du Plessis Trofee vir Plaasprodukte (Maaskaas). Piketberg-tak verower 'n 2de prys vir die meeste punte in Handvlyt.

piketberg mediese sentrum

Tel: 022 913 1146

Praktyk kontaknr tydens beurtkrag: 064 0710 395

Ma - Vry: 08h00 - 17h30
Sat: 08h00 - 13h00

Dr Pieter Bruwer (Spesialis Huisarts)
Dr Sam Scheepers (Algemene Praktisyn)
Dr Bibi Werle (Sonar)
Ilse Bruwer (Spraakterapeut)
Merina de Waal (Dieetkundige)

A MUST SEE DEAL

A frame (to the value of R1200) and lenses.

T's & C's apply

Single vision **R1750**
Bifocal **R2050**
Multifocal **R2850**

www.biermangroup.co.za

Malmesbury
+27 22 482 4454
Prima Centre
Voortrekker Rd

Piketberg
+27 22 913 1349
Piquetberg mall
54 Long St

Langebaan
+27 22 772 0393
The Laguna Mall
Laguna St

Vredenburg
+27 22 719 1165
Weskus Mall
Saldanha Rd

Groete uit Australië

deur Carushka Rabe

Carushka Rabe

Boyup Brook begin om soos "home sweet home" te voel, 'n ware tuiste. Die kinders doen goed op skool, Francois het sy eerste kursus in "Farmskills" en "Mechanicals" voltooi en is nou besig met sy opvolg kursusse. Hulle koeie het gekalf en hy is mal oor die kalwers en kan nie uitgepraat raak oor hulle nie. Hy hou daarvan om met beeste te werk. Boonop is hy een van die top studente in sy Wiskundeklas. Jurica het deelgeneem aan die "Cross Country" en was 2de van die meisies in die 7km draf. Sy is nou besig met "Careers". Dit help haar om die regte vakke te kies vir dit wat sy ná skool wil doen. Sy wil in die "Wildlife" rigting gaan en wil na skool nog verder studeer. Jurie is baie bedrywig by die werk. Ons het ons eerste reën al gehad, so die boere is opgewonde om klaar te plant. Die wêreld om ons is die mooiste groen. Soggens gaan stap ek deur die bos en geniet die vars koue lug, terwyl die mooiste vinkies om my vlieg en die papegaaie uit die boomtoppe roep. Die dou op die spinnerakke blink in die son en omskep die bos in 'n sprokieswêreld. My stukkie paradys. 'n Oud-Piketberger en 'n goeie vriend van ons, Thinus Joubert, het vir sy broer, Mauritz Joubert, kom kuier in Bunbury. Ons het vir 'n naweek opgery om vir hom te sien. Die Vrydagaand was ons na die "Harvey Fest" in Harvey - 'n uitstekende fees. Die Ausies hou van "fun fairs", "merry-go-rounds" en vuurwerke. Hulle

mág maar vuurwerkvertonings hou. Op Moedersdag was ons by Busselton Wildlife Park, waar dit pragtig is. Dit was 'n wonderlik dag. Ons het in die groot voëlhokke rondgeloop en voëls gevoer en 'n "Black Cockatoo" gevryf en gevoer. Die mak Kangaroes is so snaaks en nuuskierig en wil net kom kyk wat in jou hand is om te eet. Maak nie saak hoeveel ek 'n dag sien nie, hulle bly van die eerste diere wat ek soek in 'n "Wildlife Park". Die "Wombats" is te oulik. Hulle lyfies is te rond vir hulle kort bene. Die "Dingo's" is so mooi en soek net aandag. In die reptiel area is daar 'n groot "Bobtail Lizard". Ek het al een in my tuin gekry. Hulle is baie dierbaar en het net een "mating partner" in hulle lewe. Die Wildlife Parks in Australië is so mooi en rustig. Ek kan ure daar deurbring. Die "food trucks" kom ook een van die dae Boyup Brook toe. Dit is 'n klomp "food trucks" wat na nabye dorpe toe gaan om kos te verkoop. Dis 'n lieflike manier om die dorp se mense bymekaar te kry en om lekker saam te kuier en iets te eet, terwyl die kinders rondhardloop en speel saam met hulle maats. Ons mis Piketberg en sy mense. Ons is baie gelukkig hier, maar ons harte is nog daar.

Fick Sement in Concrete Trends

Fick Sementwerke op Piketberg het onlangs 'n belangrike mylpaal bereik deur Produk sertifisering te verkry van die Concrete Manufacturers Association (CMACS). Hierdie prestasie beklemtoon Fick Sementwerke se onwrikbare toewyding tot uitnemendheid in die produksie van 'n verskeidenheid sementprodukte, wat insluit plaveistene, boublokke, sementstene en Terraforce L12 retaining blokke. Die CMACS-sertifisering is 'n bewys van die kwaliteit van Fick Sementwerke se produkte, wat streng voldoen aan SANS-standaarde. Met hierdie sertifisering bevestig hulle die lewering van produkstandaarde van die hoogste gehalte. Fick Sementwerke beskik oor 'n eie laboratorium waar elke produksiedag se produkte getoets word ten einde die kwaliteit van produkte te verseker. Die sukses van Fick Sementwerke is nie net beperk tot die verkryging van die CMACS-sertifisering nie, maar word ook erken in die bedryf. 'n Onlangse artikel in die tydskrif, *Concrete Trends*, beklemtoon uitnemendheid en toewyding.



SINCE 1952
LIEBCO
FOODS
70 years of Meaty Goodness

BESOEK JOU NAASTE LIEBCO VIR KWALITEIT PRODUKTE MET SAKPAS PRYSE!!

LIEBCO
Express
CITRUSDAL - CLANWILLIAM
PORTERVILLE

EENDEKUIL PRIMÊRE SKOOL

TIKKEL TOKKEL DAGSORG

AME KERK PIKETBERG

NEW WINE COMMUNITY OUTREACH

ACVV PIKETBERG

GOEDVERWACHT JAGUARS NETBAL

WINNER

ANNELISE PISTOOR

WINNER

ELMARIE ENGELBRECHT

GAAN VOLG ONS OP LIEBCO VLEISHANDELAARS SE 'FACEBOOK & INSTAGRAM' OM OP HOOGTE TE BLY MET DIE NUUTSTE AANBIEDEINGE.

Op die Rakke van die Biblioteek...

Bespreking deur Marieta Wasserfall.

I am Ella
Deur Joanne Jowell

"I am Ella" is die verhaal van 'n merkwaardige vrou, Ella Blumenthal se lewensreis tydens die Tweede Wêreldoorlog en daarna. Sy is gebore as Jodin in Warsaw, Poland in 1921. Haar reis van oorlewing neem haar deur die Warsaw ghetto, Nazi gaskamers en die wrede gebeure in drie verskillende konsentrasiekampe, Majdanek, Auschwitz en Bergen-Belsen. In Bergen-Belsen word hulle bevry deur die Britte. Sy verloor haar hele familie in die oorlog – net sy en 'n susterskind, Roma, oorleef. Ná die oorlog gaan sy terug na Warsaw, maar sien daar is niks van haar ou lewe oor nie. Sy gaan dus Parys toe en later Palestina. In Palestina ontmoet sy haar man en na drie weke trou hulle daar. Omdat Isaac 'n Suid-Afrikaner was, begin sy haar huwelikslewe in Johannesburg. In haar latere lewe trek sy na Kaapstad om naby haar dogter te wees. Op die ouderdom van 103 bly sy steeds in haar woonstel in Seepunt. Die skrywer van die outobiografie is Joanne Jowell, wat Ella se verhaal met empatie en diep insig neerlê. 'n Verhaal van deursettingsvermoë, chutzpah en vreugde. Met die lees van die verhaal besef 'n mens weer eens hoe kosbaar die lewe is en hoe belangrik dit is om elke dag voluit en met dankbaarheid te lewe.

MEDIESE PRAKTISYNS

Drs Smit & Morrison

Hoofstraat 60 Main Street
PIKETBERG
7320

☎ 022-913 1172
alle ure / all hours
🖷 022 913 1907

Besigheidsure / Business Hours
Ma - Vry 08:00 - 17:30 Mo - Fri
Sat 08:00 - 13:00

Bergrivier Municipality's Brand New Fire Truck

Bergrivier Municipality is thrilled to announce that it has added a brand new R1,2 million fire truck to its fleet within the Fire & Disaster Management Unit in April 2024. Noel Williams, Head: Fire & Disaster Management, mentioned that the arrival of this state-of-the-art fire truck highlights the Municipality's significant investment in the safety and well-being of its communities. The fire truck is equipped with two water pumps, 2 000 litre water storage tank and a wide range of tools, which will certainly enhance the Fire & Disaster Management's ability to respond swiftly to emergencies. "This is our commitment to ensuring that we deliver the highest level of service and protection to our residents within the Bergrivier Municipal Area".

Head of fire and disaster management: Noel Williams in the middle.

Piketberg VLV 92 Jaar

Op Donderdag, 23 Mei vier die bestuur van Piketberg VLV-tak haar 92ste bestaansjaar op 'n prettige wyse met hoede, kersies en vonkelsap. Daar is veral truggedink aan al die vorige voorsitters en besture wat die tak tot sover deur groot hoogtepunte gelei het. Absoluut groot vreugdes en genade. By die volgende Gesondheidsvergadering op Donderdag, 6 Junie by Piketberg Biblioteeksaal, word gewys hoe om 'n boud te ontbeen. Nuwe gaste word genooi om saam te kom leer en kuier by die VLV.
Navrae: Nicoline Brown, Voorsitter 082 477 0665.

MORRISON TRADERS

Cell/Whatsapp: 072 319 8996 Email: gdvmorrison@yahoo.com
Fax: 086 274 4227 Web: www.carnivalcandyfloss.co.za

Werk/Reis/Wegbreek

Morrie's Place InTown (Piketberg)
Gastekamer - Netflix en 'n Uitsig

- Badkamer met aparte ingang -
- Stoof met warm plate -
- Gratis Wi Fi - Braaiplek - Mikrogolf
- 2 x enkelbeddens - Kroeg Yskas
- Selfsorg - Swembad - Veilige Parkering -
Netflix TV - Plaas staproete -

Piketberg
'Pre owned vehicles and assets'

- Soek en vind ons op facebook
- Het u hulp nodig met die verkoop van u voertuig of bates?
- Is u opsoek na 'n 'Pre owned vehicle of bates?
- Kom in kontak

Maxi blend smart food

- Nou in die Piketberg omgewing
- Een pot volledige maaltyd
- Voed 'n honger kind/person vir slegs R5 'n maaltyd. Kontak en vind uit
- Geniet self of as 'n by kos by 'event' met 'n spesiale bestandeel

Baie goeie 'bulk' groot-maat pryse

Whatsapp: 072 319 8996 (Villiers)
Email: gdvmorrison@yahoo.com

Piketberg koerier
Vrydae

Wil jy dalk iets op facebook market place/ gumtree ens koop? (Kontant optel beskikbaar)

Ek tel en laai pakkies af/op, Vrydae in die Kaapse voorstede en omliggende dorpe

Hanteer en lewer ook besigheids en privaat pakkies af, vanaf Piketberg / Moorreesburg / Malmesbury na Kaap en omliggende dorpe

Carnival Candy Floss / Spookasem

Partytjies - Promosies - Skole - "Baby showers" - Nagereg menu - Markies - Donasies - Kinder speelparke - Winkels - Troues - meer

www.carnivalcandyfloss.co.za

Piketberg-Aurora Camino

Annatjie Kotzé van Aurora woon die afgelope 13 jaar op Piketberg. Sy dien op die Museumkomitee en besluit om vir 'n fondsinsameling haar eie Camino te stap van Piketberg na Aurora en herdenk hiermee die afstig van die NG Gemeente Aurora van die NG Gemeente Piketberg op 26 April 1906. Dankie aan al die borge vir donasies en almal wat vir Annatjie langs die pad ondersteun het. Na dese kan Annatjie as 'n Piketberger beskou word. Annatjie vertel van haar stap mbv foto's:

Vrydag 26 April 2024 om 6:30vm: ***Die Museumkomitee en ds Martin is by die NG Kerk Piketberg vir die wegspring.*** Google sê dis 45km, maar Google jok. ***Hannie Klein offer 'n hele dag op deur saam met my te ry en seker te maak ek is veilig. By De Hoek wag PPC se manne met 'n donasie en goeie wense.***

By DeTuin se heuwel en Dunn's Castle se hek is dit gelukkig heuwel af op my pad. By Wittewater Plaas wag Erica Kretschmer met 'n donasie en 'n geselsie. ***Agarob Troost is op die krukkelys en afwesig vir die foto, maar Moravia Wynkelder se manne glimlag trots by Moravia se afdraai.*** Soetdraai is anderkant die Bergrivier en wanneer die rivier vol is in die winter, ry die Oliviers Koringberg om Piketberg toe, maar vandag kon Berdeen my teen die pad kry. Mont Piquet het 'n mooi ingang, maar die gebou teen die pad word die Ou Winkel genoem, volgens wat my pa my vertel, was dit die Jood, Javitz, se winkel wat later Die Handelshuis op Aurora begin. Op die kaarte van die omgewing staan Burgerskloof, my pa het gepraat van Burre-se-kloof, die Goedverwachters praat van Die Kloof. Goedverwacht is bo in die kloof. By Platkloof is daar nie tyd vir afklim van die trekker af vir 'n foto nie, ons vang die manne sommer so in die ry. ***Tussen Platkloof en Sanddrif ry Marié en Fransiena my in en bless my met 'n sappie en 'n energiestafie. By Sanddrif se afdraai wag Grace vir my en bless my met 'n sappie en 'n energiestafie en 'n donasie vir die museum.*** Groenfontein lyk soos 'n dorpie op sy eie, dis die Lambrechtse se grond. ***Gerhard en Hannah wag my in en ons gesels só dat ek vergeet om water te drink.***



Van Kapteinskloof se afdraai af sien Annemarie-hulle my en kom teen die heuwel op en stap saam met my. By die afdraai kuier ons saam met Frans en Annemarie van Keurbos, Christine van Somerdou en Lorette van Keurbos. Net 'n entjie verder by Knapdaar word ek met 'n donasie soos 'n celebrity ontvang deur 'n klomp vrolike mense. 'n Paar 100m verder is Uitvlug se afdraai. Net 'n bietjie minder as 20km oor. AP Mostert Vervoer se Depot: Albertus se lorries met die mooi seile is nie in nie, so ons neem toe 'n foto van die blomme. Tussen AP Mostert Vervoer en Kuldersrivier kry die krampe my amper onder, maar daar is nog net 13km oor. Met genade van Bo druk ek aan. 'n Entjie verby Kuldersrivier sien ons vir Theunis Carstens en die Klein Carstensie op die quadbike, hulle waai vir my en ry my in. By Holvlei se plaashek los ek en Hannie blomme om vir Pierre en Belinda te onthou. Nog 50 tree 48.4km, 12ure en 5min. Dankie Liewe Jesus. Die Museumkomitee skenk 'n gedeelte van die fonds aan die NG Gemeente van Aurora, wat op Sondag 19 Mei 2024 oorhandig word deur my en Marié: Aurora se "verjaarsdag present".

Redelinghuys ontvang nuwe leraar

Redelinghuys se gemeente en gemeenskap sien met opgewondenheid uit na die koms van hulle nuwe leraar, ***ds. Danell Swanepoel***. Sy is 'n Vrystater wat haar nou kom vestig in die Sandveld. Mag sy hartlik ontvang word en gou deel van die nuwe omgewing word. Sy word ontvang op die naweek van 29 Junie 2024 en lewer haar intreepreek op Sondag, 30 Junie 2024.

African Methodist Episcopal Church, Mount Olive Gholfdag

Jacobus Owies

Die wenners van die trofee was ***Mnr Jacobus Owies*** en sy spanmaat mnr Leaton Fredericks. Graag wil ons as gemeente ons donateurs bedank vir 'n suksesvolle golfdag wat gehou is. Donateurs : Bergrivier Munisipaliteit, Riebeek Valley Wine Company, Dunlop Bande, Winkelshoek Bottellering, Old Mutual, Suiderkruis konstruksie, The Views, CPI Vredenburg, Liebco, Die Pomp, 2 Acre Hardware, Piketberg Powertools, Blue Bottle, Dc Construction, Breërivier Distributors, Sonneberg Taxi, Total Garage, Boland Superspar, Coke, Riebeek- Wes Garage, PSD Foundation, Juvante Perfumes en Albany Bakkery.

The OUTPOST
FAMILY RESTAURANT
MONDAY
BURGER
DAY
R69
REGULAR
BEEF, CHICKEN
OR RIB BURGER
Served with hand cut
fries and onion rings

DIE PIKETBERGER

20 Jaar gelede - Junie 2004
Redakteur: Pierre Steenkamp
Mede-Redakteur, berigte en foto's: Marietha Goosen
Advertensiebestuurder: Deon van Dyk
12 bladsye Donasie R1,00
Rubrieke Briewe van ons lesers, Uit Jannie se pen

Voorblad: Bekendes kuier in Piketberg: Oubaas en Hilda van Zyl van 7deLaan is die eregaste by 'n modevertoning vir kleuters tbv Badisa. Derick Hougaard, Piketberg se eie Springbokrugbyspeler, woon die sportdag tussen Piketberg en Porterville by. PHS O/19A wen HSP 15-12. **VLV se projektema is "Leer een vrou een vaardigheid". Susan de Vries bied Australiese kruisiesteekkursusse aan.** ENB besoek Huis AJLiebenberg as deel van 'n landwye uitreik in die gemeenskap. **Mariëtte Odendaal skryf oor verpleegsters Alike en Alita van die Nkhomo hospitaal.** Nico Vercuiel doen plaaswerk op 'n plaas naby die dorpie, Limerick in Ierland. Ná die verskyning van 'n artikel oor Nico in die plaaslike koerantjie, kontak ds Tonie Viljoen van die SA Gemeente Ierland hom en nooi hom kerk toe. **Piketberg Museum laat die ou dae herleef met bejaardes se stories.** Die Weskustak van die Botaniese vereniging van SA besoek Excelsiorplaas en die teetuin op Piket Bo Berg. **PHS-nuus: Jaco van Eeden en Jasper Venter is aangewys as die Citrusdal Eisteddfod se Top Laerskoolleerders in Engelse Voordrag en Afrikaanse Voordrag.** Annelie Eksteen en Neil van Eeden is deel van 'n uitruilprogram vir leerders na Duitsland. **Nanette Olivier is gekies vir SA Skolenetbalspan.** Coenie Kotzé is ingesluit in die O/13-Cravenweekspan. **Gr 8 en 9 Kunsleerders skep 'n driedimensionele kunswerk uit afvalmateriaal om Afrika uit te beeld.** 8 Sangleerders behaal Goud by die Citrusdal Eisteddfod. **1994 se matrieks hou reünie.** Praktika help Rande rek. **Nedbank gee R1000 donasie aan Badisa. Nedbank ondersteun 'n spesiale bloedskenk geleentheid in die kerksaal.** Twinkle, die O'Connels se miniatuur perdjie is na vier dae weer gevind. **Lions se nuwe president is Christie Erasmus.** Jukskei: Pierre Rossouw neem deel in Kroonstad, vergeet sy skeie op die plaas Middeldeurvlei, Eendekuil. JMR Vervoer van Elandsvlei bring die skeie saam met 'n Piketkovrag tot by Kimberley. Daar tel 'n Noordwesspeler dit op en besorg aan Pierre. Die selfoon is 'n wonderlike apparaat in dié verhaal. **Elise Grey lei die vroueoggend by die NG Kerk.** Boland Spar nuus: Corrie Windell word deur die "mystery shoppers" aangewys as Personeellid van die maand. Die Groente en Vrugte afdeling word aangewys as die beste. Die bakkery afdeling bied kinderpartytjies aan. Marietha Goosen is die wenner van die R500-koopbewys.

Bloedskenkdatums

27 Junie	31 Oktober
25 Julie	28 November
29 Augustus	27 Desember
26 September	

Alicia Louw graad

Oud-PHS'er Alicia Louw verwerf haar B Ed graad (Intermediêre fase) aan CPUT Wellington. Sy beklee tans 'n pos by Topolino Privaatskool in Langebaan, waar sy Wiskunde vir gr 6 en 7 gee.

SSS Rugby

Jevadré Summers, Keanu Swarts en Jenardo Strauss van SSS is tydens die Patriot Sportfees (voorheen die Tony Stoops Toernooi) in Kuilsrivier gekies om gedurende die September skoolvakansie as deel van die O/19-rugbyspan na Ierland te toer.

Bergrivier
Piketberg | Porterville | Velddrif
www.bergriviertourism.co.za

Coca-Cola Peninsula Beverages

Nog mosaïkmure, nog stories.

Daar is nog vier storiemure wat in mosaïek uitgebeeld is, waarvan daar vertel moet word. Drie van hulle beeld Piketberg se geskiedenis in terme van geboue en bedrywighede uit en die ander een vertel van 'n plek wat lankal nie meer bestaan nie, maar beslis nog onthou word.

Een van die eerste bruinwoonbuurte in Piketberg was **Old Maitland** in Loopstraat. Hierdie woonbuurt het in die laat 1915's ontwikkel. Klei was volop in hierdie omgewing en die klein huisies is daarmee gebou. Ongeveer vyftien huisgesinne het hier 'n tuiste gevind. Met die armoedige leefstyl het mense hier dit ekonomies nie makik gevind nie en sommige, wat nie werk gehad het nie, moes uit die grond as tuinbouers lewe. Tydens die 1930's was die huisies baie bouvallig.

Gelukkig vir dié inwoners het die plaaslike dorpsraad ingegryp en teen die einde van die 1930's is die eerste behuisingskema vir bruinmense gebou. Alle inwoners van Old Maitland is toe verskuif na die eerste huise wat later Steynsrust genoem is, maar in die volksmond as die "Sevens" bekend gestaan het.

Twee kunstenaars van Porterville, Joey Koen en Marietjie Nieuwoudt, het dié storie pragtig en in fyn detail op hul mosaïekmuur uitgebeeld. As jy weer 'n tydjie het, gaan staan gerus voor die mure en waardeer al die harde werk wat daar gedoen is.



Die drie oorblywende mure is steeds in proses. Hulle beeld onder andere die vier eerste kerke in Piketberg, die twee oudste skole in Piketberg en Piketberg se vernaamste ekonomiese aktiwiteit, naamlik Boerdery, uit.

Piketberg Musem 022 913 2177
info@piketbergmuseum.co.za

Carli Rossouw graad

Oud-PHS'er Carli Rossouw verwerf haar B Ed graad in Senior Fase- en VOO Onderwys aan CPUT Wellington. Sy is tans 'n Afrikaans Huistaal- en Eerste Addisionele Taal Graad 8 tot 10 onderwyser by Hoërskool Hermanus.

SSS Haker

Jenobia Runba behaal vir die tweede agtereenvolgende jaar die Boland o/16-rugbyspan vir dogters. Sy is 'n kranige haker. Hulle gaan gedurende die Junie vakansie aan 'n toernooi in Johannesburg deelneem.

Seane Kotze diploma

Seane Kotzé, Natuur- en Skeikunde onderwyser by SSS, verwerf sy Nagraadse Diploma in Teaching and Learning Care and Support, Cum Laude.

Bergrivier Dental
TANDHEELKUNDIGE PRAKTYK

PIKETBERG CITRUSDAL VELDDRIF

Dr Herold Truter, Dr Saskia Smalberger, Dr Jasper Müller en Bendert Smit help graag met enige van die volgende prosedures:

- Mondhigiëne: Skaleer & Poleer
- Algemene en voorkomende tandheelkunde
- Herstellende tandheelkunde
- Ortodontiese tandheelkunde
- Mondchirurgie
- Kosmetiese tandheelkunde
- Bleikings & Mondskerms

Skakel ons gerus vir 'n konsultasie

Piketberg 022 913 1630
Citrusdal 022 921 3110
Velddrif 022 783 0092

www.bergrivierdental.co.za

Laerskool Eendekuil Eisteddfod

Agter is Tiaan van Bosch (Cum Laude), Liza Schoeman (Cum Laude), Jana Schoeman (Silwer), Jimmy Wiggins (Cum Laude), voor is Emille Visser (Cum Laude), Sophia Wessels (Goud) en Pieter Schoeman (Silwer).

WYNLAND
GRONDVERSKUIWING.com
082 416 2543

Masjinerie te huur:
* 5 tot 33t Slootgrawers
* Stootskrapers D6 & D8
* Padskrapers
* Dumpers
* Rollers
* Waterkarre
* Masjinerie vervoer
* Diggerloaders ens.

Dienste:
* Damme bou en herstel
* Paaie
* Bouplatforms
* Siviele werk
* Plaveisel pak
* Ontbossing
* Grondvoorbereiding
* GPS Rip en Ridgewerk
* Spitdol en Ontworteling

ROLAND RHODES
082 416 2543
wynlandplant@gmail.com

Skoolvakansie:
14 Junie tot 9 Julie

PHS Olifantsvallei Sang Eisteddfod

Cum Laude: Gavonique Engelbrecht, Reveshni de Bruin, Keisha Sandt en Caylon Kordom.

Silwer: Rodazné de Bruin. Goud: Mia van Wyk, Marenique van Zyl, Lené Loubser en San

PHS ATKV-Redenaars



Klaradyn Strydom het aan die ATKV-Redenaarskompetisie deelgeneem en het deurgedring na die semi-finale rondte.

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

Bergrivier Rugbyspan
Eden Mega Spelefees 2024 Kampioene

Die Eden Spelefees 2024 wat tussen 24 Maart en 2 April 2024 in George plaasgevind het, is 'n jaarlikse platform vir Hoërskool en Laerskoolleerlinge om op nasionale vlak te skitter deur in rugby, hokkie, netbal, sokker en tennis mee te ding. 3 750 Leerlinge van skole regoor die land het deelgeneem. Die Bergrivier Skole O/13 rugbyspan het hul talent op die Eden Spelefees se laerskool verhoog, van 29 Maart tot 2 April 2024, ten toon gestel en het as kampioene terug-gekeer huistoe! Ons is super trots op die rugbyspan, hul afrigters en op die SUPERSPAR Boland lootjie-verkope se rol in hul deelname aan die Eden Spele. Dit was 'n ongelooflike ervaring om deel te wees van 'n gemeenskap wat saamgewerk het om 'n positiewe impak op die lewens van hierdie kinders te maak. Spesiale dank aan Aurora Solar Trust en die Departement van Sport en kultuur. Baie geluk aan die lootjie wenners Bevily -Ann Abrahams met die 2de prys en Raydene Booyse met die 3de prys. Weereens baie geluk aan Kobus Botha wat die eerste prys gewen het.

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

To STAY up to date with the **SUPERSPAR Boland**
Promotions Scan this QR CodeWith Your
Whatsapp Camera To join our group

2 BOLAND SUPERSPAR
PROMOTIONS
WhatsApp group

AURORA OM DIE BERG Fietsry- en Pretdrafgeleentheid 24 Augustus 2024

AURORA OM DIE BERG Fietsry- en Pretdrafgeleentheid is 'n hoogtepunt op die jaarlikse kalender vir bergfietsry- en Pretdraf-entoesiaste en vind weer Saterdag, 24 Augustus 2024 plaas.

Pretdraf 10km en fietsry roetes - 10km, 20km of 55km

Inskrywings: Aurora Om Die Berg 2024 | Entry Ninja

Aanlyn Inskrywing Sluitingsdatum:
Vrydag 19 Augustus 2024,13h00

Die geleentheid word saam met die AURORA SKOU aangebied

AURORA OM DIE BERG

24 AUG 2024

auroraomdieberg.co.za

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

We have introduced our kids shopping trolleys to help keep the food shop exciting and engaging for little ones!

Valid until 30 June 2024

55.00 Chikka Fillet Burger Drum & Chips

99.99 Chikka Whole Bird Plain, BBQ, Peri Peri

35.00 Chikka Cheeky Burger x 2

37.00 Chikka 2 Piece & Chips (Drum & Wing)

54.90 Chikka 3 Piece & Chips Drum, Wing & Thigh

170.00 Chikka 10 Piece

65.00 2 x Cheeky Burgers 2x Wings,1x Chips

Piketberg 022 913 1163
Order and Pickup Whatsapp 072 094 3346

CHIKKA CHICKEN

SIGN UP FOR MORE! SAVINGS!

SPAR Rewards More for You

Activate your **NEW SPAR Rewards** Card and start getting more!